UI/TEC/004A

Versameling van Haarmonsters

Die haarwortels bevat die DNA vir analise-doeleindes.

Versamelingsprosedure:

- **Nota:** Vir skape en bokke word bloed benodig, nie hare nie.
- Verwyder enige los hare van die monster-versamelingsarea.
- Maak die monster-versamelingsarea skoon met ‘n borsel/papierhanddoek om oortollige vuilheid te verwyder, indien nodig.
- Gryp hare naby die vel en trek direk weg van die vel (teen die rigting van groei).
- Versamel 20 of meer hare **met haarwortels**. (Oortollige hare sal gestoor word).
  MOENIE aan die haarwortels vat nie.
  Indien u die hare korter knip, stuur die deel **met haarwortels** aan.
- Plaas die hare in die bruin koevert wat voorsien is en verseël die koevert.
  MOENIE plastieksakkies gebruik nie, omdat kondensasie kan plaasvind wat kan veroorsaak dat die genetiese material van die haarmonsters onbruikbaar is.
- Vul asb. die inligting van die dier op die stippellyne van die koevert in.
- Voltooi die verwysingsvorm.
- Versend **monsters** en **voltooide verwysingsvorm** per gewone pos/spoedpos na:
  Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk, Suite 13, Privaatsak X22, Tygervallei, 7536
- **Neem kennis**: Indien ‘n toets herhaal moet word a.g.v. foutiewe indiening / inligting of a.g.v. inherente monsterprobleme, is die aanvraer verantwoordelik vir die koste daarvan.



Kontak Unistel Geneeskundige Laboratorium by 021-938 9213 vir Guthrie kaarte, bruin koeverte en verwysingsvorms.

Vrywaring:
Terwyl alle redelike voorsorg getref word om enige foutiewe resultate te voorkom, aanvaar Unistel Geneeskundige Laboratoriums geen verantwoordelikheid vir enige verliese as gevolg van menslike of tegniese foute nie.